

# Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

---

## *Die kerk in die spieël van Jona*

**Dr AH Bogaards**

**2017**

### **Preek 8**

Lees: Jona 4

Teks: Jona 4:5-11 (Reeks Jona nr. 8)

Datum: 28 Januarie 2018

Psalms: 100:1-4; 86:7,8; 103:4,5; 145:5,6

## **1. Inleiding**

In die Boek van die Psalms is daar 7 Psalms wat deur die eeue heen bekendgestaan het as **Boetpsalms**. 'n Boetpsalm is 'n Psalm waarin 'n bekeerde sondaar met sy hemelhoë skuld na God toe gaan: Dáár - voor die HERE – bely hy sy ontsaglike groot sondes. Maar Boetpsalms is ook Psalms waarin die sondaar tot die HERE roep om sy vergifnis.

Dit alles sie ons ook so mooi in Psalm 51. Psalm 51 is een van die sewe Boetpsalms. Dit is die Psalm wat Dawid gedig het na sy sonde met Batseba. Toe het die HERE hom deur sy profeet Natan en deur die krag van sy Woord oortuig en Dawid het bely: Ek het teen Ú ootree en nie maar net teen mense nie. Toe het Dawid geroep – om dit nou maar in die woorde van Jona 4 vers 2 te sê – toe het hy gepleit om God se genade en barmhartigheid, toe het hy gebid dat die HERE uit genade sy sondes nie sal straf nie.

Bid u dit ook: HERE, my sondes is só groot, ek het u genade só nodig? Vergewe my om Christus wil.

**Kohlbrugge**, die man oor wie ek my proefskrif geskryf het, het 'n reeks preke oor **Psalm 51** gehou. Wat hy daar aan die begin van sy preek skryf, sal ek nooit vergeet nie. Hy skryf naamlik: Psalm 51 staan bekend as 'n Boetpsalm. En, sê hy, Psalm 51 kan maar die naam behou. Maar as ek die woorde van Jesus lees in Lukas 15 (vv 7,10), in die gelykenis van die verlore skaap, as ek daar lees: so is daar blydschap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer - as ek daaraan dink, verstaan ek waarom die Heilige Gees hierdie Psalm nie 'n Boetpsalm noem nie, maar 'n **Psalm. Psal beteken immers: 'n loflied op God se genade.** Want elke keer **as die engele hierdie Psalm hoor**, sê hulle: Wat 'n koninklike lied! Hoe verheerlik hierdie klanke nie die ewige God nie!

En verseker het die engele in die hemel vol blydschap **gejubel oor die bekering van die duisende sondaars van Nineve.**

**In die hemel was daar gejuig** oor Nineve se bekering. ... **maar** hier op aarde, by Jona – oor sy lippe kom geen Psalm tot eer van God en vol blydschap oor sy werke nie. Intendeel, terwyl die engele in die hemel juig oor een sondaar wat hom bekeer, kla Jona daaroor. Net 'n ag, ag, kom oor sy lippe, 'n klaaggebed: **Ag, HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie?**

**Gebrek aan lofprysing** op God se genadewerke het altyd alles te make met **gebrek aan selfkennis**, sondekennis. Die genade van die HERE aan sondaars is altyd 'n smartlike saak vir die ou mens in ons. **Gebrek aan lofprysing** by ons het altyd alles te make met ons oortuiging: Ons verdien wél God se heil, ons verdien sy genade.

Maar nog laat die HERE Jona nie los nie. Nog gaan die HERE aan met sy lankmoedigheid met Jona. Want as Jona nie na **die hoor-bare Woord** wil luister nie, sal die HERE hom **die sien-bare Woord** gee, om aan Jona sy genade, barmhartigheid, lankmoedigheid te berduidelik.

1. Die HERE **gee hoorbare en sigbare Woord-onderrig** aan sy kinders (vv 5-9)
2. Die Here **verklaar** die die aanskoulike onderwys: **DIE HERE IS GENADIG, BARMHARTIG EN LANKMOEDIG** vv10-11

## 2.1 Die HERE gee hoorbare en sigbare Woord-onderrig aan sy kinders (vv 5-9)

Soos 'n **nukkerige kind** beantwoord Jona nié die Here se vraag in ver 4 nie: **Het jy rede om vertoorn te wees?** Het jy rede om kwaad te wees oor my genade aan Nineve?

Maar Jona antwoord God nie. Want hy hét 'n probleem met God se barmhartigheid jeens sondaars. Daarom swyg hy. Ja, hy **antwoord Gód nie!**

Maar - selfs nou laat die Here sy bal-horige, on-horige, on-gehoorsame kneg nie los nie. Hy wil so graag hê dat Jona iets van sy genade sal begryp. Daarom gaan Hy voort met sy onderwys. As **woorde** dan nie help nie, maak God van 'n ander metode gebruik: **aanskoulike** onderwys!

Almal wat by die onderwys betrokke is, weet hoe belangrik dit is om 'n leerling iets te laat **sién**. As 'n onderwyser bv. die anatomie van die hart aan hulle wil verduidelik, help 'n prent van die hart die leerlinge om sy woorde des te beter te begryp.

- En - daar geen **beter** Onderwyser as God nie. As **woorde nie genoeg** is om sy barmhartigheid by Jona tuis te bring nie, dan maak Hy gebruik van **prente**, drié prente: 'n wonderboom, 'n wurm en 'n gloeiende oostewind. Eers kry Jona **ore**-onderwys en dan **oë**-onderrig.
- Daar is nie 'n **geduldiger, lankmoediger** Onderwyser as God nie, want kyk net hoeveel geduld lê Hy aan die dag met sy hardhorende leerling.

**Drie maal** staan daar: God **beskik**. 1. Hy **beskik** 'n wonderboom (v. 6), 2. Hy **beskik** 'n wurm (v. 7) en 3. Hy **beskik** 'n oostewind (v. 8). Ook op 'n ander plek het ons die woord **beskik** al in Jona teëgekóm: Hy **beskik** 'n vis (Jona 1:17). Dit wil sê: Die ganse skepping staan tot God se **beskikking** om iets by sy kinders tuis te bring:

- om hulle te **bestraf** en
- om hulle na Hom toe **terug te bring**.

In vers 6 sê die Here wat sy **doel** met die wonderboom was: dit was bedoel om skaduwee-onderrig te gee vir Jona se kop, harde-kop, en dan **veral om hom van sy misnoeë te bevry**. Waaroor was Jona ontevrede? Oor God se barmhartigheid jeens sondaars! Van hierdie onredelike ontevredenheid wil die Here hom **red** deur hierdie sigbare onderwys.

Maar Jona **reageer glad nie positief op God se geduldige bemoëienis** met hom nie. As die HERE sy eie boom doodmaak, is Jona se antwoord: **Dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe**, Dit is die tweede keer dat hy dit sê (v. 8; vgl. v. 3). Die eerste keer was dit 'n **gebed**. Nou is dit 'n **wens**.

**Jona neem dus nie meer sy toevlug** deur die gebed **tot die Here nie! Erg, nie waar nie?** Hy swyg.

Hoe wonderlik is God se reaksie nie weereens nie: al soek Jona hom nie op nie, Hy soek hom wel op! Vir die soveelste maal loop Hy, die alhoë God, agter Jona aan en **vir die tweede maal** vra Hy hom 'n vraag: ***Het jy rede om kwaad te word oor die wonderplant?*** (v. 9; vgl. v.4). ***Het jy rede om kwaad te word .... het jy rede?*** Daarop antwoord die profeet driftig-opstandig: ***Ek het reg (dit staan voorop in die oorspronklike!) om behoorlik kwaad te wees*** (eie vertaling).

***Ek het reg ...*** Jona se kerk-reg. Ai! Dis eerder mense-regte. Of: kerkrereg sonder genade en lankmoedigheid.

'n Mens sou verwag dat die Here Jona nou sal doodmaak op so 'n astrante antwoord, maar dan ken ons nog nie die geduld van God nie.

- Ook óns ontvang ook aanskoulike onderwys van die Here.
  1. Die doop en die nagmaal is eweneens **prente** van sy barmhartigheid in Jesus Christus.
  2. Verder leer die Here ons ook deur natuurrampe, siekte, ens.
- God **soek** mense op wat na Hom nie soek, na Hom nie vra nie. Dit geld eweneens van ons: God bewys sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars en vyande van Hom was. Dit wil sê: Toe ons niks van Hom wou weet nie, **toé**, juis **toé** het Hy sy Seun gestuur (Rm 5:8. 10). Toe ons dit allermins verdien het.

Bid God om geopende ore en oë vir sy onderwys aan u.

## 2.2 Die Here pas die aanskoulike onderwys toe: DIE HERE IS GENADIG, BARMHARTIG EN LANKMOEDIG vv10-11

Ten spyte van Jona se rebelse antwoord (v.9) verdelg die Here hom nie, maar gaan geduldig verder met sy kneg.

Die boek **Jona eindig met 'n woord van die Here**. God het altyd, en so ook nou, **die laaste woord**. Die Here vergelyk Jona se houding teenoor die wonderboom met sy (God se) houding teenoor Ninevé. Daardeur wil Hy Jona laat voel hoé onbillik en hoé sleg dit van hom was om van God te eis dat Hy die stad moet vernietig.

- Jona is baie **besorgd** oor 'n **nietige ou eendagstruikie**, wat heeltemal buite sy sorg ontstaan en opgegroeï het. Hy is woedend, omdat so 'n plantjie, waaraan hy geen werk gehad het nie, nou vergaan het. 'n Verganklike plant lê hom na aan die hart. .... wat hy nie eens geskep, laat staan beskik het of selfs eens kón beskik nie.
- Daarteenoor stel **die Here** nou **die groot stad Ninevé** en **sy houding teenoor die stad**. Die enorme stad is die werk van God se hande. Hy het die mense geskape en Hy versorg en onderhou hulle ook nog elke dag. Boonop is daar onder hulle 120 000 kinders wat nog nie weet wat reg of verkeerd is nie. Ook is daar baie vee wat eweneens sy skepsele is en vir wie Hy ook baie omgee. God skep nie 'n behae daarin om die werk van sy hande sommer net so te vernietig nie.

In Psalm 24 staan: Die aarde behoort aan die HERE. Dit geld ook van Nineve: dis 'n stad van God.

⇒ Kyk net die verskil tussen Jona en die Here:

- Jona stort geen enkele traan oor die duisende mense en vee nie.
- Daarteenoor is dit vir die Here 'n smartlike saak om die stad te verwoes. Vers 11 kan ook so gelees word: Sou ek nie **verdrietig** wees oor die groot stad . . . nie? Dit is hartroerende woorde. Die Here is nie 'n tiran wat koud en onbewoë 'n hele stad of wêreld oorgee aan die gerig nie. Dit bedroef Hom. Hy dink aan die duisende kindertjies en selfs aan die onskuldige vee. Hy hoor hulle angskrete en radelose gille. Daarom kom Hy nie oorhaastig met sy oordeel nie, maar eers dan wanneer sy lankmoedigheid sy uiterste grens bereik het.

Dwarsdeur die Bybel openbaar Hy Homself so: as 'n God wat nie 'n vreugde daaruit put dat die sondaar omkom nie, maar eerder dat hy gered word. Dink maar net aan hierdie tekste:

1. ***Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. (I Tm 2:3-4);***
2. ***Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom( II Pt 3:9).***
3. .... en dan ook, ja, dan ook – vir die kerk! ROMEINE 2:1-4: ***DAAROM is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel,***

*veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen. En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug? Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie beseft dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?*

Vir oulaas wys God Jona dus op sy groot barmhartigheid en lankmoedigheid.

### 3. Slot.

Dit lyk asof die boek Jona stompaf eindig. Ons weet immers nie wat toe uiteindelik van Jona geword het nie. Dit beteken egter nie dat die boodskap van die boek onvoltooid is nie. Inteendeel, die boek het volkome sy doel bereik, want dit het ons 'n dieper blik in elke verbondskind se hart gegee en ons geleer hoe bitter nodig ook 'n kerkmens die genade van God het. Veral het die boek ons 'n kyk gegee in God se hart: Hy is 'n God wat barmhartig en genadig is!

Die naam Jesus lees ons nie in hierdie boek nie, maar die hele boek is vol van Hom. Dit is immers alleen danksy Hom dat God ons genadig is en afsien van die straf wat ons verdien. Dit is daarom die groot boodskap van die boek: *die heil behoort aan die Here*, d.w.s. ons verlossing is net sy werk (Vgl. Jon 2:9).

*Die heil behoort aan die Here .....*

Ook vir ons gaan dit daaroor:

Gee **altyd aan God alleen die eer** vir jou verlossing, d.w.s. vir jou geloof, jou bekering, jou vryspraak van skuld en jou beërwing van die ewige heerlikheid. Ja, jubel dit uit:

*Maar barmhartig en lankmoedig,  
groot van goedheid en oorvloedig  
in genade,=en altoos trou  
is die HEER wat my behou.*

Ja, bid in skuldbesef:

*Wend U tot my in ontferming,  
red my, toon my u beskerming!  
Hoor my, HEER, 'n seun is dit  
van u diensmaagd wat hier bid. (Psalm 86:6 – Totius) ...AMEN.*